

**Subject:** Re: Fw: Registrasie-inligting - Chaim Boerdery Trust  
**From:** Alexander Meyer <alexander@fcmeyer.co.za>  
**Date:** 2026/09/30, 01:08 pm  
**To:** Suzette Venter <suzette@studbook.co.za>

Hi Suzette,

Ek sien ek het 'n fout gemaak met die registrasie. Die ID-nommer van daardie koei is nie **BOR F CBT150008** nie, maar **BOR F CBT150048**. Jammer daaroor. Sal jy dit asseblief kan regstel?

Verder het ons 'n koei wat gekalf het, maar ons het vergeet om een van haar vorige kalwers te registreer. Sal jy hiermee kan help?

Die ou bulkalf wat nooit geregistreer is nie:

**BOR M CBT250082** | Geen naam | Geboortedatum: **20 Oktober 2025** | Ma: **BOR F CBT220050 (JEANET)**  
| Vader: **BOR M EG150070**

Dan is daar haar verskalf vir hierdie jaar, wat ook nog nie geregistreer is nie:

**BOR F CBT260025** | Naam: **JEANIE** | Geboortedatum: **29 Augustus 2026** | Ma: **BOR F CBT220050 (JEANET)** | Vader: **BOR M MC210061**

Benodig jy nog enige inligting, of is hierdie voldoende?

Groete,

Alexander Meyer

---

**From:** Suzette Venter <suzette@studbook.co.za>  
**Sent:** Tuesday, September 8, 2026 8:43 AM  
**To:** Alexander Meyer <alexander@fcmeyer.co.za>  
**Subject:** Re: Fw: Registrasie-inligting - Chaim Boerdery Trust

More

Eerste kalf is nou gelaai op die stelsel.

Tweede fout - **Moeder te oud: 128 met kalwing. Maksimum is 42** - ons sal die fout kan regstel maar die groot probleem is die ma het nog geen kalfies gelaai onder haar so indien jy nog kalfies het kan ek dit laai en dan kan ons die 25 kalf uit die foutelys ook regstel.

Groete



On 2026/09/05 01:07 pm, Alexander Meyer wrote:

More Suzette,

Kan jy my asseblief help om hierdie foute reg te stel? Sien aanhegsel.

Die eerste fout sê: **"Moeder behoort nie aan teler of eienaar op geboortedatum van kalf nie,"** maar dit moet 'n fout wees, want daardie ma was nog altyd by ons.

Die tweede fout het ons al in vorige e-posse bespreek. Dit sê: **"Laktasie moeder dood voor geboorte van kalf. Moeder te oud: 128 met kalwing. Maksimum is 42."** Maar sy lewe nog. Sy is nie dood nie.

Let net daarop dat daar 'n fout in julle inligting is wat die kalf aandui as **CBT260055**. Dit moet **CBT250055** wees.

Laat weet my asseblief as jy die fout kan opspoor.

Groete,  
Alexander Meyer

---

**From:** Suzette Venter <[suzette@studbook.co.za](mailto:suzette@studbook.co.za)>  
**Sent:** Friday, May 8, 2026 11:03 AM  
**To:** Alexander Meyer <[alexander@fcmeyer.co.za](mailto:alexander@fcmeyer.co.za)>  
**Subject:** RE: Registrasie-inligting - Chaim Boerdery Trust (CBT) [0606011BOR].

More

Ek heg vir julle aan dat opdrag vanaf julle dat ek CBT200016 oor moes dra.

CBT150009 se 24 en 25 is nou gelaai op die stelsel.

CBT250040 sal ek nie kan regstel julle opdrag gegee vir oordrag – laat weet of ek ander regstellings moet doen

CBT250059 gelaai op stelsel

CBT 260002 gelaai op stelsel

**Suzette Venter**

E: [suzette@studbook.co.za](mailto:suzette@studbook.co.za)

Data clerk

**T:** +27 51 410 0908  
**A:** 118 Henry Street, Westdene,  
Bloemfontein, South Africa



The content of this email is confidential and intended for the recipient specified in message only. It is strictly forbidden to share any part of this message with any third party, without a written consent of the sender. If you received this message by mistake, please reply to this message and follow with its deletion, so that we can ensure such a mistake does not occur in the future.

---

**From:** Alexander Meyer [<mailto:alexander@fcmeyer.co.za>]  
**Sent:** 05 May 2026 12:20 PM  
**To:** Suzette Venter  
**Subject:** Re: Registrasie-inligting - Chaim Boerdery Trust (CBT) [0606011BOR].

More Suzette,

BORFCBT200016 is nog by ons en is definitief verkeerdelik oorgedra. Is dit moontlik om vir my miskien die naam van die eienaar van CHEROKEE BORANS te gee? Ek weet nie of dit dalk een van ons kopers was nie en of daar iets fout gegaan het nie. Kan jy miskien ook vir my sê wanneer die oordrag plaasgevind het?

Daar is nog steeds 'n BORMCBT250018-fout wat maak dat hy nie geregistreer is nie, weens sy ma se interkalwingsperiode wat nog steeds te groot is. Dit sê nog steeds 1032 dae, wat verkeerd is. Alhoewel haar kind CBT240011 op die lys is, weet ek nie hoekom die program kla oor 'n te groot interkalwingsperiode nie. Let wel in jou vorige boodskap het jy gesê CBT250018 en CBT240011 lê onder moeder CBT150019. Ek weet nie of dit 'n tikfout is nie, maar die korrekte ma is CBT150009 (BELINDA). Ons het nie meer 'n CBT150019 nie.

Die registrasiefout op CBT250040 sê die ma (CBT200016) behoort nie aan die teler of eienaar nie op die geboortedatum van die kalf nie. Dis vreemd. Sy is nog hier op die plaas by ons. Kan jy miskien kyk wat julle sisteem sê. Is sy as verkoop of dood aangedui iewers?

Die registrasiefout op CBT250059 (01/11/2025) is my fout. Die regte moeder is BORFCBT180004 (SNOWY) – nie CBT130004 nie.

Die registrasiefout op BORMCBT250055 sê laktasie moeder dood voor geboorte van kalf. En moeder te oud: 128 met kalwing, en maksimum 42. ???? Maar sy lewe nog en is hier op die plaas. Sy is alhoewel nie op ons inventarislys nie. Sy is BORMCBT150008. Was sy as dood iewers aangedui?

Die verkeerde registrasie-inligting op BORMCBT260002 (07/01/2026) is my fout. Die korrekte ma is BORFCBT210003 (LIEFIE) – nie BORFCBT210063 nie.

Groete,  
Alexander Meyer

— Attachments:

---

ERRORS\_Fi11Er.pdf

71.7 KB